



**NOTULE VAN 'N GEWONE VERGADERING VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE
GEHOU IN DIE MALMESBURY BANKETSAAL OP WOENSDAG, 15 FEBRUARIE 2012 OM 11:00**

TEENWOORDIG:

Uitvoerende Burgemeester, rdh T van Essen (voorsitter)

Uitvoerende Onderburgemeester, rdl M S I Goliath

Lede van die Burgemeesterskomitee:

Rdl C H H Hunsinger

Rdl R F van der Westhuizen

Rdl M van Zyl

Rdl W Wilskut

Ander raadslede:

Rdh N J A Rust

Beampes:

Direkteur: Korporatiewe Dienste, me M S Terblanche

Direkteur: Beskermingsdienste, mnr P A C Humphreys

Direkteur: Finansiële Dienste, mnr K C Cooper

Direkteur: Ontwikkelingsdienste, mnr J T Steenkamp

Snr Bestuurder: Tegniese Dienste, mnr L D Zikmann

Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste, mnr R du Toit

Bestuurder: Sekretariaat en Rekords, me N Brand

1. OPENING

Rdl W Wilskut open die vergadering met gebed op versoek van die voorsitter.

2. VERLOF TOT AFWESIGHEID

Die komitee is voltallig. Verskoning word aangeteken vir die Munisipale Bestuurder, mnr J J Scholtz en die Direkteur: Siviele Ingenieursdienste, mnr A J Botha.

3. VOORLEGGINGS/AFVAARDIGINGS/SPREEKBEURTE

Geen

4. NOTULES VIR BEKRAGTING

**4.1 NOTULE VAN 'N GEWONE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE-
VERGADERING GEHOU 20 JANUARIE 2012**

BESLUIT

Dat die notule van 'n Gewone Uitvoerende Burgemeesterskomiteevergadering gehou 20 Januarie 2012 goedgekeur en deur die Burgemeester onderteken word, onderhewig aan die volgende wysiging –

ITEM 6.5: VERHUUR VAN KAMPE: MEENTGROND, DARLING (12/2/4-3/1)

BESLUIT/...

4.1/...

BESLUIT

[wysiging van paragraaf (f): Kamp 2 tot 6]

Geen vee mag permanent op die grond aangehou word of enige strukture opgerig word waar vee gehuisves kan word nie.

4.2 NOTULE VAN 'N PORTEFEULJEKOMITEESVERGADERING GEHOU 8 FEBRUARIE 2012
[Regstellings oorgehou as prerogatief van die onderskeie komitees.]

5. OORWEGING VAN AANBEVELINGS EN SAKE VOORTSPRUITEND UIT DIE NOTULES

5.1 NOTULE VAN 'N PORTEFEULJEKOMITEESVERGADERING GEHOU 8 FEBRUARIE 2012

5.1.1 ADMINISTRASIE EN FINANSIES

BESLUIT

Dat die Uitvoerende Burgemeester die aanbevelings in die betrokke notule bekragtig.

5.1.2 SIVIELE EN ELEKTRIESE DIENSTE

BESLUIT

Dat die Uitvoerende Burgemeester die aanbevelings in die betrokke notule bekragtig.

5.1.3 ONTWIKKELING- EN BESKERMINGSDIENSTE

BESLUIT

Dat die Uitvoerende Burgemeester die aanbevelings in die betrokke notule bekragtig.

6. SAKE VOORTSPRUITEND UIT DIE NOTULES

Geen

7. NUWE SAKE

7.1 NOTULE VAN DIE MUNISIPALE FINANSIËLE OUDITKOMITEE VERGADERING GEHOU OP 13 DESEMBER 2011 (11/1/3/1/7)

Die finansiële ouditkomitee dien as 'n volwaardige onafhanklike komitee van die Raad en vervul sy funksie ingevolge die bepalings van artikel 166 van die Munisipale Finansiële Bestuurswet van 2003.

Die notule gedateer 13 Desember 2011 is met die sakelys gesirkuleer en bevat geen aanbevelings vir oorweging en besluitneming deur die Uitvoerende Burgemeesterskomitee nie.

BESLUIT

Dat kennis geneem word van die notule van die vergadering van die munisipaliteit se finansiële ouditkomitee wat gehou is op 13 Desember 2011.

7.2 VOORGESTELDE VERVREEMDING VAN ERF 2660, DARLING (12/2/5/5-3/1)

Die tender vir die aankoop en ontwikkeling van besigheidserf 2660, Darling is einde 2010 aan A B & J Parker toegeken. Streng maatreëls is in die verkoopsooreenkoms ingevoeg om te verseker dat die tenderaar aan die tendervoorwaardes voldoen.

Tot dusver het die tenderaars in gebreke gebly om die koopsooreenkoms te onderteken. Die kern van die probleem is dat die voornemende koper onsuksesvol is om 'n verband vir die aankoop en ontwikkeling van die eiendom te bekom.

7.2/...

BESLUIT

- (a) Dat die tender vir die aankoop en ontwikkeling van besigheidserf 2660, Darling wat aan A B & J Parker toegeken was, gekanselleer word;
- (b) Dat die Raad se prokureur versoek word om A B & J Parker dienooreenkomstig skriftelik so in te lig;
- (c) Dat daar gewag word om na afloop van die veiling op 21 Maart 2012 te bepaal of daar 'n aanvraag na eiendomme en ontwikkelings is, en indien wel erf 2660, Darling weer per tender aangebied word.

7.3 VOORGESTELDE VERHUURING VAN STOOR TE RIEBEEK-WES SKOUGRONDE (12/1/3/1-12/1)

Die leë store agter die ou skougronde op Riebeek-Wes word op 'n jaarlikse basis aan Group 35 Foods (Edms) Bpk (voorheen Oude Tol Meulens) verhuur. Die huurtermyn verstryk op 28 Februarie 2012.

BESLUIT

- (a) Dat die leë store agter die ou skougronde op Riebeek-Wes uit-die-hand-uit aan Group 35 Foods (Edms) Bpk verhuur word vir die stoor van toerusting vir 'n verdere termyn wat nie 12 maande oorskry nie;
- (b) Dat die huurgeld vasgestel word op R1 264,00 plus BTW per maand wat 'n eskalاسie van 6% verteenwoordig;
- (c) Dat die huurvoorwaardes soos tans van toepassing van krag sal bly.

7.4 AFSKRYWING VAN SKULD: DEERNISHUISHOUDINGS, DESEMBER 2011 (5/7/1/1)

'n Skedule van verbruikers wat Equitable Share van die Raad ontvang, maar steeds gelde verskuldig is wat nie na stappe deur die Kredietbeheerafdeling ingevorder kon word nie, is met lede van die Uitvoerende Burgemeesterskomitee gewerkwink en word voorgelê vir afskrywing.

BESLUIT

- (a) Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee goedkeuring verleen dat die bedrag van R172 535,63 soos per die aangehegte skedule afgeskryf word as oninvorderbaar;
- (b) Dat, indien dit vanaf datum van hierdie goedkeuring aan die lig kom dat 'n gedeelte van die skuld of die totale skuld van 'n debiteur nie korrek sou wees nie, of dat enige inligting wat op datum van afskrywing nie aan die Uitvoerende Burgemeesterskomitee bekend was wat daartoe sou lei dat die komitee die voorgelegde skuld nie vir afskrywing sou oorweeg nie, die Uitvoerende Burgemeesterskomitee die reg voorbehou om die skuld weer terug te skryf na die betrokke debiteur en dat die nodige stappe geneem sal word om die skuld in te vorder;
- (c) Dat, indien 'n eiendom op welke wyse ookal vervreem sou word, die Raad die reg voorbehou om uitklaring op die betrokke eiendom te weerhou en die bedrae afgeskryf eers in te vorder. Ten einde uitvoering aan hierdie besluit te gee, is 'n register by die eiendomsbelastingafdeling ingestel waarin gekontroleer word of daar ten opsigte van die betrokke uitklaring vir die voorafgaande twee jaar voor uitklaring, enige afskrywing was, en dat indien wel, die afgeskryfde bedrag met die uitklaring verhaal word;
- (d) Dat verder goedkeuring verleen word dat lopende heffings wat nie by die bestaande lys bygewerk is nie, vanweë die tydsverloop van wanneer die administratiewe proses van genoemde afskrywingslys begin is en die tydperk daarna, ook deel van die afskrywings sal wees, onderhewig daaraan dat die Kredietbeheerafdeling oortuig is dat die nuwe skuld onder dieselfde omstandighede ook oninvorderbaar is;

7.4/...

- (e) Dat die werklike bedrag afgeskryf nadat hierdie voorlegging gemaak is, weer tydens die volgende Uitvoerende Burgemeesterskomiteevergadering voorgelê sal word;
- (f) Dat enige BTW op dienste gehef op die gebruikelike manier vanaf die Ontvanger van Inkomste teruggeëis word;
- (g) Dat die Kredietbeheerafdeling persoonlike besoeke aan elke Equitable Share huishouding bring ten einde die afskrywing te verduidelik en die implikasie van toekomstige verpligtinge van "verantwoordelike verbruikers" aan hulle duidelik te maak, veral betreffende oormaat water;
- (h) Dat die verslag uitgebrei word om die geakkumuleerde skulde afgeskryf ten opsigte van deernishuishoudings aan te dui, ten einde die verslag met die totaliteit van skulde afgeskryf in perspektief te plaas.

7.5 AFSKRYWING VAN SKULD: GEWONE DEBITEURE, DESEMBER 2011 (5/7/1/1)

'n Skedule van skulde wat oninvorderbaar is, is met lede van die Uitvoerende Burgemeesterskomitee gewerkwinkel en word voorgelê vir afskrywing.

BESLUIT

- (a) Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee goedkeuring verleen dat die bedrag van R37 288,60 soos per die aangehegte skedule afgeskryf word as oninvorderbaar;
- (b) Dat, indien dit vanaf datum van hierdie goedkeuring aan die lig kom dat 'n gedeelte van die skuld of die totale skuld van 'n debiteur nie korrek sou wees nie, of dat enige inligting wat op datum van afskrywing nie aan die Uitvoerende Burgemeesterskomitee bekend was wat daartoe sou lei dat die komitee die voorgelegde skuld nie vir afskrywing sou oorweeg nie, die Uitvoerende Burgemeesterskomitee die reg voorbehou om die skuld weer terug te skryf na die betrokke debiteur en dat die nodige stappe geneem sal word om die skuld in te vorder;
- (c) Dat, indien 'n eiendom op welke wyse ookal vervreem sou word, die Raad die reg voorbehou om uitklaring op die betrokke eiendom te weerhou en die bedrae afgeskryf eers in te vorder. Ten einde uitvoering aan hierdie besluit te gee, is 'n register by die eiendomsbelastingafdeling ingestel waarin gekontroleer word of daar ten opsigte van die betrokke uitklaring vir die voorafgaande twee jaar voor uitklaring, enige afskrywing was, en dat indien wel, die afgeskryfde bedrag met die uitklaring verhaal word;
- (d) Dat verder goedkeuring verleen word dat lopende heffings wat nie by die bestaande lys bygewerk is nie, vanweë die tydsverloop van wanneer die administratiewe proses van genoemde afskrywingslys begin is en die tydperk daarna, ook deel van die afskrywings sal wees, onderhewig daaraan dat die Kredietbeheerafdeling oortuig is dat die nuwe skuld onder dieselfde omstandighede ook oninvorderbaar is;
- (e) Dat die werklike bedrag afgeskryf nadat hierdie voorlegging gemaak is, tydens die volgende Uitvoerende Burgemeesterskomiteevergadering voorgelê sal word;
- (f) Dat enige BTW op dienste gehef op die gebruikelike manier vanaf die Ontvanger van Inkomste teruggeëis word;
- (i) Dat die verslag uitgebrei word om die geakkumuleerde skulde afgeskryf ten opsigte van gewone debiteure aan te dui, ten einde die verslag met die totaliteit van skulde afgeskryf in perspektief te plaas.

7.6 UITSTAANDE DEBITEURE, JANUARIE 2012 (5/7/1/1)

'n Volledige verslag van die stand van uitstaande debiteure is met die sakelys gesirkuleer.

7.6/...

'n Bespreking volg aangaande moontlike beheermaatreëls wat ingestel kan word om strenger teen wanbetalers op te tree, onder andere –

- 'n ondersoek na die onregmatige verkoop en verhuur van HOP-huise en maatreëls om streng daarteen op te tree;
- voorkom dat munisipale rekening op huurder se naam oorgedra word, aangesien die eienaar daarvoor verantwoordelik moet wees;
- equitable share subsidie aan eienaar moet stop as HOP-huis verhuur word;
- equitable share subsidie moet stop as eienaar oor luukshede soos bv. DSTV beskik;
- strenger opgetree word teen onwettige bouwerke;
- bouplan mag nie goedgekeur word as aansoeker uitstaande skulde het nie;
- moet voorkom dat woonstel en HOP-huis aan dieselfde persoon toegeken word;
- indien eienaar van HOP-huis sterf en kinders bly agter, dan moet oordraggelde uit "conditional grant" betaal word om eienaarskap aan kinders te gee ten einde op te tree as wanbetaling voorkom.

BESLUIT

- (a) Dat kennis geneem word van die verslag aangaande die stand van uitstaande debiteure vir die maand van Januarie 2012;
- (b) Dat opdrag aan die Direkteur: Finansiële Dienste gegee word om 'n werkwinkel te reël ten einde die moontlike beheermaatreëls soos gemeld te bespreek en te formuleer ten einde dit deel te maak van die Kredietbeheer- en Skuldinvorderingsbeleid wat saam met die 30dae begroting vir goedkeuring aan die Raad voorgelê moet word.

7.7 UITSTAANDE VERSEKERINGSEISE (5/14/3/5)

Ingevolge die Batebestuursbeleid moet maandeliks verslag gedoen word insake die uitstaande versekeringseise.

BESLUIT

Dat kennis geneem word van die stand van uitstaande versekeringseise soos met die sakelys gesirkuleer.

7.8 AFWYKING VAN DIE VOORGESKREWE VERKRYGINGSPROSEDURE VIR DIE AANSTEL VAN TRANSTECH VIR DIE HERSTEL VAN DIE VULLISTROK, CK 36152 (6/1/2/1)

Die herstelwerk aan die vullistrok word as 'n noodgeval hanteer, aangesien die voldoening aan die informele tenderproses tot gevolg sal hê dat die vullisverwyderingsdiens vir 'n tydperk gestaak sal moet word.

BESLUIT

- (a) Dat *Transtech* as alleenverskaffer aangestel word vir die nodige herstelwerk;
- (b) Dat daar van die verkrygingsbeleid afgewyk word vir die aanstelling van *Transtech* en wel om die volgende rede:
 - (i) dat dit 'n noodsaaklike diens is wat nie vir 12 dae gestaak kan word nie;
- (c) Dat posnommer 65-74-30-00-0376 (vehicles: repair) gebruik word vir die uitgawe;
- (d) Dat die Bestuurder: Finansiële State en Beheer ingevolge die bepalings van die Voorsieningskanaalbestuursbeleid, opdrag gegee word om bovermelde rede as nota by die finansiële state in te sluit wanneer die betrokke state opgestel word.